OM TE OFFER WAT JY VRA, SUID-AFRIKA?

Die Burger Bladsy 15 –Saterdag 27 Augustus 2011

Fanie du Toit[1]

Aartsbiskop Tutu se opmerkings oor 'n sogenaamde "welvaartsbelasting" het die tonge behoorlik los.

Tutu het gepraat by die bekendstelling van 'n boek "The Humanist Imperative" deur bekende teoloog John De Gruchy. Die tema van die boek, die herstel van menslikheid en menswaardigheid in Suid-Afrika, was uiteraard die konteks vir Tutu se omstrede herhaling van 'n WVK voorstel: 'n eenmalige welvaartsbelasting as versoeningsgebaar van wit Suid-Afrikaners teenoor swart Suid-Afrikaners.

Wat onduidelik was, is of die belasting gemik sou wees op witmense spesifiek, of op alle meer gegoede Suid Afrikaners, wit en swart – en of belasting, wat uiteraard deur die staat geadministreer sou moes word, die beste voertuig vir so 'n gebaar sou wees.

En alhoewel hierdie tegniese vrae belangrik is, maak Tutu 'n essensiële punt – die versoeningsproses is nog nie afgehandel nie, en vra meer as "business as usual" van ons – veral van diegene wat relatief goed daaraan toe is terwyl die res van hul landgenote in werklike nood verkeer. "Hoe is dit moontlik,' vra Tutu, 'dat in so 'n ryk land, soveel mense honger bed toe gaan?"

Om gewone burgelike pligte soos belasting voor te hou as wittes se bydrae tot versoening, is nie net onoorspronklik nie, dit mis ook die punt. Belastingpligtigheid is essensieel en daarsonder sal wit Suid-Afrikaners, saam met die res van hulle landgenote, sink. Dit is die burgerlike plig van verdienende Suid-Afrikaners bo 'n sekere inkomstevlak.

Versoening vereis buitengewone gebare, aksies wat die "gewone" gang van sake onderbreek, bevraagteken en belig.

---

[1] Dr du Toit is Uitvoerende Direkteur van die Instituut vir Geregtigheid en Versoening. Vir meer inligting, kontak www.ijr.org.za.

Meeste wit Suid-Afrikaners is by magte om belasting te betaal, presies omdat soveel van hulle bo ‘n sekere inkomstevlak verdien. En dit het ongetwyfeld historiese gronde. En om dieselfde historiese gronde is ‘n baie groot persentasie swart Suid-Afrikaners nie daartoe in staat nie. Die argument dat groter relatiewe bydraes tot die belastingpot dus reeds ‘n genoegsame bydrae is, het nie meriete nie.

Dit is ‘n argument wat die FW De Klerk Stigting, Solidariteit en ‘n reeks ander wit-belangegroepe voorhou. Hulle gaan verder en maak Tutu se beroep af as “ongrondwetlik”, die bevraagtekening van wit menswaardigheid, en her-polarisering van die samelewing. My vraag aan hierdie organisasies is eenvoudig dit: as julle nie bereid is om ‘n welvaartsbelasting as versoeningsgebaar te oorweeg nie, wat is julle wel bereid om te doen ter wille van versoening en ‘n meer inklusiewe, regverdige samelewing? Of glo julle dat Suid-Afrika reeds versoen is – dat die van ons wat histories soveel voordeel getrek het en steeds soveel beter daaraantoe is, gewoon maar met ons lewens kan voortgaan terwyl sosiale ongelykheid daagliks vererger?

Daar bestaan by my geen twyfel oor Tutu se motiewe nie. Vir hom het dit nog nooit gegaan oor die vernedering van wit Suid-Afrikaners nie, maar juis oor die kortste pad na die herstel van wit en swart menswaardigheid. Sy filosofie is verbasend eenvoudig: wit en swart menswaardigheid kan nie in isolasie herstel word nie. Op ‘n basiese vlak het ons mekaar nodig ter wille van genesing en uiteindelike oorlewing. Ter wille hiervan vereis ons spesiale verlede steeds spesiale stappe – of ons dit vandag wil erken of nie, nie net in terme van die ekonomie of politiek nie, maar ook in terme van die psige van ons nasie.

“Bygones do not in fact become bygones, but always return to haunt us”, sê hy. In dieselfde toespraak wei Tutu ook uit oor die impak van apartheid op swartmense, op die selfhaat, die geweld, die roekelose omgang met lewens van ander, ensovoorts. Ons het gedog dinge sou vanself beter word met tyd, sê Tutu, maar ons was verkeerd.

En dit was die kern van sy boodskap. Ons almal - wit en swart – het genesing nodig. En om te kan genees het ons mekaar nodig, anders sal ons saam ondergaan. ‘n Welvaartsbelasting sou ‘n gebaar van erkenning wees wat genesing help bevorder.

Dit sou tragies wees as prominente wit belangegroepe dit nie snap nie, en ‘n nog ‘n geleentheid in ons nasiebou proses laat verbygaan. Leiers in die wit gemeeskap het wit Suid-Afrikaners grootliks in die steek gelaat in die jare onmiddellik na die demokratiese oorgang. ‘n Gebrek aan leierskap ten opsigte van nasiebou het daartoe bygedra dat die wit gemeenskap tot ‘n mate vervreemd geraak het van die res

van die samelewing. ‘n Nuwe gebaar, of dit in die vorm van ‘n welvaartsbelasting of iets anders is, is nodig om hierdie vervreemding te verbreek wat baie wit Suid-Afrikaners vandag voel.

Miskien behoort ons ‘n les of twee uit ons eie verlede te leer. In 2001 het ‘n groep wit Suid-Afrikaners die “Tuiste vir Almal beweging probeer van stapel stuur. Die plan was om wit Suid-Afrikaners te oorreed om hulle historiese voorregte te erken – let wel, nie om jammer te sê nie, net te erken! – en ‘n simboliese bedrag geld in ‘n fonds te betaal. Die belowende inisiatief is deur die hele Springbokspan ondersteun, maar het kort daarna ‘n fatale doodskoot gekry toe Rapport hieroor berig gelewer het in ‘n artikel onder die opskrif: “Bieg en Betaal van Wittes gevra”

In hierdie veldtog is die belangrike onderskeiding getref tussen erkenning en apologie – ‘n onderskeiding wat Rapport ontgaan het. Wanneer swart Suid-Afrikaners vra vir erkenning, en vir ‘n simboliese gebaar, dan hoor wit Suid-Afrikaners tipies dat van hulle gevra word om te “Bieg en Betaal”. Maar daar is ‘n reuse verskil. Miskien is dit ons (wit) gereformeerde wortels, maar daar is steeds ‘n basiese onvermoë om te hoor wat swart Suid-Afrikaners inderwaarheid vra.

Waarom is erkenning van bevoorregting belangrik? Om die feite te erken is om jouself en ander te eerbiedig en te bemagtig. Om te bly bieg (of lieg!), is om permanent ontmagtig te bly. Erkenning lei tot effektiewe aksie. ‘n Bieg of lieg kultuur lei tot permanente verlamming.

‘n Unieke, eenmalige versoeningsgebaar, soos wat Tutu voorstel, sou dus aan wit Suid-Afrikaners, wat geldelik daartoe in staat is, die geleentheid bied om hul historiese bevoorregting te erken en terseldertyd ‘n aktiewe stap te neem om ‘n verskil te maak in die lewens van mede-landgenote.

En dit is juis waarom dit miskien beter sou wees as die staat dit nie deur belasting afdwing nie. Wat so ‘n inisiatief impak en gesag sou gee, is ‘n publieke verbintenis van vooraanstaande wit besigheidsleiers, kerkleiers, en kulturele leiers, sowel as sportsterre. As so ‘n groep hierdie uitdaging van Tutu sou aanvaar om ‘n fonds te begin en te administreer ter wille van maksimale impak, sou dit ook kon aanleiding kan gee tot kleiner plaaslike inisiatiewe .

En wat sou genoegsame steun beteken? As die projek deur geloofwaardige wit leiers gedryf sou word en as ‘n substansiële bedrag ingesamel sou word, en dan aan effektiewe projekte oorgedra sou word, kan duisende, dalk miljoene arm Suid-Afrikaners hieruit voordeel trek. Om so ‘n veldtog in die naam van versoening en erkenning van stapel te stuur, sou nie net ‘n historiese stap met materiële voordele wees

nie, maar ook ‘n verreikende boodskap stuur aan diegene wat sover bitter min baat gevind het by die nuwe Suid-Afrika, ‘n boodskap dat hul landgenote agter mure en oorkant die spoorlyn, wel omgee.

Bo en behalwe die historiese gronde vir regstelling, kan ons die pragmatiese oorweging vir regstelling nie langer meer ignoreer nie. As die onlangse verwikkelinge in Brittanje en elders ons iets kan leer, is dat sosiale ongelykheid nie volhoubaar is nie. Ons welvaart sal in komende jare al hoe meer afhang van die lewensstandaard van die kwesbaarste dele van ons samelewing. Gesien vanuit hierdie perspektief is ‘n konkrete gebaar van erkenning, welwillendheid en noodleniging ‘n belegging in ‘n beter toekoms. Alle bevoorregte Suid-Afrikaners behoort hierop ag te slaan. En gegewe ons verlede sou dit veral ‘n verreikende gebaar wees as histories-bevoordeeldes die eerste stap neem.